

Saterdag 29 April

Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13

Fokusgedeelte: Openbaring 3:7-13

Al is ons getalle en kragte min, hou aan om getuie van die evangelie te wees

Die stad Filadelfia was so gebou dat dit 'n verspreidingspunt vir die spreektaal en kultuur van daardie tyd was. Daarom was die stad van die begin af ook 'n verspreidingspunt van die evangelie.

Die gelowiges kry weerstand vanaf die Jode. Met hulle wettisme reken hulle dat hulle die sleutel het wat toegang gee tot die koninkryk van die Jode. Hulle word egter die sinagoge van Satan genoem, omdat hulle die evangelie van Christus teenstaan.

In sy oorwinningskrag gee die Here Jesus aan sy gemeente 'n oop deur na die wêreld. Deur die prediking van die evangelie sluit hulle die koninkryk van God oop ... en toe. Hierdie gemeente sou baie redes kon gee waarom hulle nie die evangelie kon versprei nie. Hulle getalle is min, hulle krag is min, en dan die teenstand van die Jode. Hulle dryfveer is Jesus Christus Self. Met sy evangelie is Hy, die Heilige en Waaragtige, aan die werk.

Ons oortuig onself in klein gemeentes dat ons geen invloed het nie. Daarom probeer ons as kerk maar net oorleef. Ons fokus is "instandhouding". Dis 'n verkeerde fokus. Ons is kerk van Jesus Christus en die deure is oop. Ons maak egter self die deure toe ... en dan maak kerke se deure finaal toe.

Al is daar baie negatiewe faktore wat ons kerkwees in die wêreld moeilik maak, spoor Christus ons aan: Byt vas, hou aan! Hou aan om die getuie van die evangelie in die wêreld te versprei, want:

- die teenstand en moeilikheid gaan nie gemeente oorwin nie – Christus het klaar die wêreld oorwin;
- in die uur van beproewing sal die Here sy kerk bewaar;
- sy kerk word pilare in die koninkryk gemaak;
- sy kerk sal die seëninge van God, van Christus en van die nuwe Jerusalem geniet.

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 4, 5

Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)